GETUIENIS VAN 'N SPESIALE DOGTERTJIE - IMKE MEYER

DIT IS VANDAG 6 MAANDE NA HAAR ONGELUK EN EK WIL MET ALMAL DEEL WAT GOD VIR ONS BETEKEN EN DAT WONDERWERKE WERKLIK GEBEUR.

ONS SAL HERE EWIG DANKBAAR WEES DAT HY TOEGELAAT MET WAT MET IMKE GEBEUR HET WANT AS DIT NIE GEBEUR MET NIE, HET ONS OE NOOIT OOPGEGAAN NIE. EK WEET SY STAP N BAIE SPESIALE PAD MET GOD OMDAT GOD ALLES TEN GOEDE LAAT GEBEUR!

EK WIL MET JULLE MY GETUIENIS DEEL.

EK DINK ELKE DAG TERUG AAN DIE AUGUSTUS 2006 WANT EK IS SEKER DIT WAS ONS TWEE SE SPESIAALSTE DAG OOIT!

EK EN DJ HAAR BOETIE WAS BESIG OM VIR HAAR BARNEY KOEKIES TE BAK. DIT WAS HAAR GUNSTELING KARAKTER OP TV. SY HET OOK GEHELP TOTDAT HAAR OPPASSER HAAR KOM HAAL HET OM BARNEY OP TV TE KYK.

ONS WAS AMPER KLAAR TOE DIE TUINJONG SKREE – "KOM HELP!"
EK SOU NOOIT KON DINK DIT IS WAT EK SIEN NIE. SY HET IN DIE SWEMBAD INGEVAL EN WAS SEKER 'N PAAR MINUTE IN DIE WATER. DIT WAS DIE EERSTE DAG WAT ONS DIE SEIL, VIR DIE WINTER AFGHAAL HET OM DIE SWEMBAD SKOON TE MAAK. DIE SEIL IS NOOIT AF NIE.

SY WAS WIT/BLOU, AMPER SOOS N WASLAAG OM HAAR, BAIE OPGESWEL, PAP EN YSKOUD.
EK HET HISTERIES BEGIN SKREE TOE EK HAAR SIEN. HAAR OP DIE VLOER NEERGELE EN MET MY HELE WESE IN HAAR MOND BEGIN BLAAS ASOF EK LEWE KON TERUG BLAAS. EK HET DRIE KEER GEBLAAS VOORDAT DAAR 'N BIETJIE BRAAKSEL EN SKUIM UITGEKOM HET EN TOE BESEF EK SY IS DOOD. DAAR WAS GEEN POLS NIE. EK HET BESEF EK MOET MY MAN BEL EN IN DAARDIE TYD WAT EK PROBEER HET, HET DAAR SOVEEL MENSE MY KOM HELP TOE HULLE MY HOOR SKREE HET. HULLE HET MOND TOT MOND GEDOEN, HAAR OMGEDOP EN GEDRUK. SKIELIK HET EK BESEF EK MOET HAAR HOSPITAAL TOE NEEM EN N SKOOLHOOF WAT OOK PROBEER HELP HET, HET SAAM MET MY GERY. SOOS DIE HERE DIT WOU HE WAS ELKE LIEWE ROBOT GROEN EN DAAR WAS N PARKERING REG VIR ONGEVALLE NET VIR ONS OOP.

EK MET DIE HELE PAD NET GEVRA ASSEBLIEF HERE HELP HAAR. SY MOET NET LEWE.
NIEMAND WAS IN DIE ONGEVALLE KAMER NIE, MAAR TOE EK SKREE "IEMAND HELP HAAR" WAS DAAR 6 DOKTERS BINNE SEKONDES OM

HAAR. EK HET DIE HELE TYD GEBID DAT DIE HERE HAAR NET NOG N BIETJIE VIR MY MOET LEEN. "ASSEBLIEF HERE LAAT HAAR LEWE"
EK WOU HAAR NIE VIR N SEKONDE ALLEEN LOS MET DIE DOKTERS NIE. IN DAARDIE 45 MINUTE WAT DAAR GEEN HARTKLOP WAS NIE HET EK SO BAIE ERVAAR. EK HET DIE HELDERSTE LIG OOIT OOR HAAR GESIEN. NET DAAR HET EK BESEF GOD IS IN BEHEER EK HET AL MY VERTROUE IN DIE DOKTER SE HANDE GEPLAAS MET DIE HOOP DAT HULLE HAAR KON RED. IN PLAAS DAARVAN OM DIT IN DIE HERE SE HANDE TE SIT. NA 45 MINUTE SE HARDE WERK VAN DIE DR'S WAS DIT TEVERGEEFS. HULLE HET BEGIN OPPAK EN SKOONMAAK. EK HET N DRUKKIE VAN N DR GEKRY EN NA MY MAN GESTAP OM HOM TE VERTEL SY IS DOOD. HY HET NET GEBID LAAT U WIL GESKIED HERE.

EK WOU NOG NET EEN KEER NA HAAR KYK TOE EK OMDRAAI HET DIE DR BO OP DIE BED GESPRING MET SY BENE OOR HAAR EN HY HET NOG N KEER PROBEER. EK HET WEER DIE HELDERSTE LIG OOIT ERVAAR EN KON NIE SIEN WAT HY DOEN NIE MAAR SY WOORDE HET ALLES BEVESTIG - EK HET N HARTKLOP. HY HET ALMAL WEER TERUG GEROEP WAT BESIG WAS OM SKOON TE MAAK OM HOM TE HELP.

EK KAN ONTHOU HOE EK BEGIN BEWE HET WANT EK IS SEKER VAN DAARDIE OOMBLIK AF HET EK BESEF DIE HERE GEE ONS N TWEEDE KANS. DIT WAS SY WIL VIR ONS. DIT IS N WONDERWERK! ONS IS SY SPESIALE KINDERS.

VANDAG BESEF EK EEN DING. GOD SE GENADE IS ONBESKRYFLIK GROOT EN HY IS SO LIEF VIR ONS. ONS WIL HOM EER EN KAN NIE GENOEG DANKIE VIR HOM SE NIE. EK WEET OOK DAT HY N BAIE SPESIALE PLAN MET IMKE HET WANT HY HET HAAR TERUG GESTUUR OM VIR ALMAL SY WONDERDAAD TE WYS. AL WAT HY WIL HE IS DAT ONS GEHOORSAAM AAN HOM MOET WEES WANT ONS WEET NIE WANNEER HY ONS KOM HAAL NIE. ONS WEET WEL DAT DIT DIE ENIGSTE REALITEIT IN DIE LEWE IS EN DAT ONS VANDAG NOG N KEUSE HET WAARHEEN ONS EENDAG WIL GAAN. HY KIES SY KINDERS UIT.

DIS VIR MY MOEILIK OM TE SE EK IS SO DANKBAAR OOR DIE ONGELUK WANT EK WEET NOU EERS HOE WONDERLIKE GOD ONS WERKLIK DIEN. (JER.29:11) EK WEET WAT EK VIR JULLE BEPLAN SE DIE HERE: VOORSPOED EN NIE TEENSPOED NIE; EK WIL VIR JULLE N TOEKOMS GEE. N VERWAGTING!

WAAR DAAR LEWE IS, IS DAAR HOOP.

NA TWEE EN N HALF DAE HAAL HULLE DIE VENTILATOR AF. IMKE SE “MAMMA, TIETIE HE EN SEER". DIE VOLGENDE. OGGEND HET SY N

TERUGGSLAG. DIT HET AL ERGER GERAAK TOT DIE VOLGENDE OGGEND WAT SY TOT 10MINUTE LANK GEHAD HET. DIE DR HET MET MY GEPRAAT EN GESE DIT IS TEKENS VAN BREINSKADE EN DAT IMKE N SEREBRAAL GESTREMDE KIND KAN WEES. DIE WOORDE WAS BAIE ERG VIR MY WANT HOE LEWE EK N NORMALE LEWE VORENTOE. HY HET ONS VIR N BREINSCAN GESTUUR EN DIT WAS N GOEIE SCAN MET GEEN SWELLING OF SKADE NIE MAAR ONS MOET WAG VIR DAG 7. DIT SAL N MEER AKKURATE SCAN WEES SY IS WEER TERUG GESIT OP IMF, VENTILATOR VIR 3 DAE HULLE HET HAAR GESIDEER MET N TIPE NARKOSE WAT ALLE BREIN FUNKSIES STOP OM DIE TWICHES TE STOP. ONS 2DE SCAN KOM OOK NORMAAL TERUG DIE VENTILATOR IS NOU AF. IMKE HET LANK GEVAT OM WAKKER TE WORD EN VAN DAAR AF IS DAAR GEEN BREIN FUNKSIE NIE. IMKE IS KORTIKAAL BLIND EN SY IS SOOS JELLY, HEELTEMAL PAP. HIPOTONIES. SY PRAAT NIE, HUIL NIE SY IS WEL BAIE GEIRRITEERD. SY KAN NIE HARDE GELUIDE HANTEER NIE EN JY KAN NIE AAN HAAR VAT NIE. SY SKREE , SY SLAAP NIE EN DIE STERKSTE SLAAPMIDDEL WERK NIE EERS NIE. DIT BREEK ONS OM HAAR SO TE SIEN WANT NIKS MAAK HAAR STIL NIE.

IMKE WORD ONTSLAAN EN DIS WONDERLIK OM HAAR BY DIE HUIS TE HE. DIE ATMOSFEER MAAK HAAR OOK RUSTIGER. SY SLAAP NOG STEEDS BAIE SLEG (VAN 10 TOT 12 IN DIE AAND EN DAN IS SY WAKKER TOT 6UUR DIE VOLGENDE OGGEND) EN DEUR DIE DAG N MAKSIMUM 20MINUTE. DIT IS ERG

1 MAAND NA ONGELUK

SY WORD IN PASTEUR REHABILITASIE HOSPITAAL OPGENEEM. SY IS SOOS JELLY. KAN NIE EERS HAAR KOP LIG NIE. EK HANTEER HAAR SOOS N PASGEBORE BABA. SY HET BAIE PRIMERE BEWEGINGS SOOS OM TE SLUK, A LYN BEWEGING (ARM OPLIG EN DAN DRAAI SY HAAR KOP NA OPGELIGTE ARM) HAAR BENE IS OPGETREK NA HAAR MAAG EN SY LE NIE VIR EEN OOMBLIK STIL NIE. SY DRINK N 1OOML MELK IN 24 UUR EN KAN NIE HAAR KOS SLUK NIE. DIT LOOP NET IN HAAR KEEL AF. SY IS NOG BLIND.

N NEUROLOGIESE PEDIATER KOM NA HAAR KYK EN HY SE SY HET N 1% KANS GEHAD OP OORLEWING EN 4O% KANS OP HERSTEL VOLGENS MEDIESE STATISTIEKE. HY SE OOK DAAR KAN BREINSKADE WEES. EK SPREEK LEWE OOR ALLES EN WEET DAT VIR GOD IS NIKS ONMOONTIK NIE.

IMKE KRY DAAGLIKS FISIO. ARBEIDS EN SPRAAK TERAPIE. DIT BEHELS BASIES DIEPDRUK OP AL, HAAR GEWRIGTE. BAIE WERK EN MET SPRAAKTERAPIE STIMULEER HAAR MOND.

2 MAANDE NA ONGELUK

IMKE SE NEK IS 90% STYWER. SY KOU HAAR KOS BAIE SWAAR MAAR KRY DIT GESLUK. SY IS NOG OP N SAGTE DIEET. SY DRINK 5OOML IN 24 UUR. SY HET OOK BIETJIE SAP GEDRINK WAT SY NOOIT WOU DOEN NIE, ALS MOET WARM WEES.

SY IS MINDER GEIRRITEERD. SY TREK NIE MEER HAAR BENE IN NIE. SY SUIG NOG HAAR ARMS EN HET NOG BAIE SWAK REFLEKSE. SY RAAK GEIRRITEERD DAN GOOI SY HAAR NEK EN KOP TERUG EN TREK HAAR ARMS OOK TERUG.SY WIL AAN NIKS VAT NIE EN GEEN MEER DRUK OP HAAR HANDE NEEM NIE. SY HET VIR DIE EERSTE KEER TRANE GEHUIL EN BEGIN MEER GELUIDE MAAK. SY SIEN N LIG WAT ONS IN HAAR OE SKYN MAAR NOG NIE ANDER GOED NIE. EK DINK DIT LYK OF SY WOU SMILE.
SY ROL OM VAN RUG NA MAAG MAAR HOU ARMS VAS.

3 MAANDE NA ONGELUK

SY VORDER STADIG EN KAN NIE VEEL MEER DOEN AS 2 MAANDE NA DIE ONGELUK NIE.
DIT VOEL OF SY NIE HEELTEMAL MET ONS IS NIE OF SY NOG NIE WAKKER IS NIE. SY ROL BETER MAAR LE NOG HAAR ARMS VAS
SY SLAAP NOG BAIE SLEG MAAR DIT RAAK NOU VIR MY MAKIIKER.
ONS WORD DEUR PASTEUR HOSPITAAL ONTSLAAN EK IS BAIE OPGEWONDE OM WEER TERUG NA MY FAMILIE TE GAAN. SY MOET WEER GAAN VIR N MRI BREINSCAN HULLE KON HAAR NIE GESIDEER KRY NIE EN DAAROM KON ONS NIE DIE SCAN DOEN NIE. DIE STERKSTE SLAAP MIDDEL WERK NIE VIR IMKE NIE.
MY SEUN 5 JAAR EN N VRIENDIN HET DIESELFDE DROOM OP DIESELFDE AAN VAN IMKE GEHAD. HULLE DROOM EK OEFEN IMKE MET STUTTE OM TE LOOP. SY WAS HEELWAT GROTER EN TOE EK HAAR LOS HET SY SELF GELOOP SY SIEN EN VOEL HAAR MOBILE

4 MAANDE NA ONGELUK

EK VOEL BETER SY DOEN BAIE BETER SY ROL PRAGTIG EN RAAK FUSTREERD OMDAT SY NIE KAN KRUIP NIE. HAAR HANDE RAAK EFFENS BETER. SY HOU NOU MY VINGER VAS SY DRUK HAAR OOK EFFENS OP OM OP HAAR ELMBOE TE LE. SY HOU NOG NIE IETS VAS NIE. SY SIEN MOOI VOOR ONS WAAR ONS LOOP. SY RAAK MEER BEWUS VAN HAAR OMGEWING.
SY HET VIR MY GESMILE EN EEN KEER HARD GELAG SY HERKEN MY DEFNITIEF EN SY HOU DAARVAN DAT EK HAAR OPTEL EK KAN HAAR OPTREK VAN LE NA N STAANDE POSISIE. DAN STAAN SY 2

SEKONDES SONDER DAT HAAR BENE KNAK TERWYL EK HAAR VASHOU. GOOI HAAR NOG TERUG.
SY HET ELKE DAG FISIO EN ARBEIDS TERAPIE. HULLE WERK HARD AAN ROMP BEHEER EN OMDAT SY NOG TAS SENSITIEF IS STIMULEER HUILLE DIT OOK. ONS HET HAAR MEDIKASIE GEHALFEER. SY SLAAP BAIE BETER EN HET AL DEUR GESLAAP.
SY WAS WEER BY DIE PEDIATER EN HY KAN NIE HAAR VORDERTNG GLO NIE. SY WERK BAIE HARD.
EK IS OOK OPGEWONDE DAT HAAR BOETIE MEER BETROKKE RAAK MET HAAR WANT TOT NOU TOE HET HY NIE BAIE BELANG GESTEL NIE HY KRY BAIE SIEGTE DROME EN EK BESEF DAT IMKE SE ONGELUK N GROOT INVLOED OP ONS LEWE HET.
KERSFEES KOM NADER EN ONS SAL ONS HOOP DAT SY KAN SIT MOET VERSKUIF. EK BESEF EEN DING DAT ONS EEN DAG OP N SLAG MOET NEEM,
ONS HET DIE 1 JANUARIE 07 HAAR MEDIKASIE GESTOP.
IMKE DOEN BAIE GOED SY LE NOU MEESTAL OP HAAR MAAG.
SY SMILE NOU REGTIG EN DIT IS WONDERLIK VIR ONS. SY SKRIK BAIE EN DIT IS OOK N REFLEKS. EK GEE GROWWER KOS SOOS STUKKIES HOENDER,EN GROENTE. SY KAN AMPER N KAASKRUL DEUR BYT.
SY LUISTER MOOI NA ONS STEMME. SY KAN N BAMBO STOEL SIT.

5 MAANDE NA ONGELUK

HET VIR HAAR N AFSPRAAK OOR 2 WEKE GEMAAK VIR N MRI BREINSCAN.
SY MET SKIEKLIK INKENNIG GERAAK. DRAAI HAAR IN DIE RONDTE OP DIE MAT AS SY OP HAAR MAAG LE. SY KAN NOG NIE SIEN NIE.
HAAR ROMP EN NEK BEHEER IS AL GOED. SY GOOI HAAR NOU BAIE MEER AS VOORHEEN TERUG. SY IS BAIE FRUSTREERD.
HAAR REGTER HAND RAAK STERKER EN SY KAN OP HOM DRUK AS ONS HAAR IN N SIT POSISIE HET.
SY IS NOG NIE VIR MY WAKKER NIE EN STEL NIE IN IETS RONDOM HAAR BELANG NIE.
SY SOEK NA ONS STEMME.